# VAN ONS SUSTERS

**SUSTERSVERGADERING**
Ons vergader in die saal op **5 Februarie om 18:30.**
Leonie Malan gaan praat oor ***STRES EN MY BREIN: HOE, WAT EN DAAROM?***

**DIE UITNODIGING IS HIER!**
Gereformeerde kerk Wolmaranstad het ons uitgenooi na die Saamtrek op Saterdag 2 Maart.
Die koste beloop R120 pp en die spreker gaan prof Chris van der Walt van die Teologiese Skool wees.

**WYKSUSTERS**
Ons benodig weer 2 wyksusters. Indien u bereid is om te help, kontak asseblief vir Karin Bain voor die Sustersvergadering.

**BAIE DANKIE**
Baie dankie aan Attie Viljoen wat die eerste twee uitgawes van **Op die Kerkwerf** versorg het. Ook vir die 2019 kerkkalender waar sy die skild van ontwerp en die drukwerk van gedoen het.
Attie is natuurlik die eienaar van **SMP Stationers** op die Bult.(Langs ABSA op die Bult).
Ook aan Jan-Adriaan Eloff wat met die plak van ons kerk se kalender gehelp het. Baie dankie.

Die **POTCHEFSTROOMSE MANNEKOOR** nooi alle mans om Maandagaande by ons aan te sluit. 19.00 tot so 21.15 in Huis Eikelaan se saal. Geen keuring. Jy sal self na 'n paar oefeninge weet of jy gaan inpas.
*"Kom deel ons vreugde"* was nog altyd ons doelstelling terwyl ons die Evangelie verkondig en hard werk voor optredes.
Dis 'n wegbreek van die Maandag se frustrasies en daarby terapie.
Kontak Babs Brouwer by 083 306 4525 of enige koorlid of kom net aanmeld.

**Die tafels is gedek en daar is koffie en tee in die saal.**

**Dit is 'n wonderlike geleentheid om gesellig te verkeer.**

*Ons vra dat nuwe lidmate ook kom om kennis te maak*

**Susters van wyke B1 en B2 versorg vandag die tee en koffie**

# Op die Kerkwerf

Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom
Jaargang 35, nr 3 Sondag 27 Januaie 2019
REDAKTEUR: RUDY VAN DER SPOEL 018 294 3402
rudynell@telkomsa.net

**Eredienste**: 09:30 en 18:00 **Predikant:** Ds Ronald Bain **082 339 0933**
Kantoor **018 294 4600 Faks: 086 610 9283** Pastorie: **018 293 2116** Karin Bain **082 532 1620**
**Hulpprediker:** Prof Callie Coetzee **082 337 7951**
**Koster** Pieter Bouwsema **082 923 1384** **Orrelis:** Magda Pelser-van der Merwe **079 872 2516**
**E-posadres:** kantoor@gkpotchefstroom.co.za **Web:** www.gkpotchefstroom.co.za

**Diensbeurte:** Ouderlinge: **André Vorster** C5 **Tom Chambers** D1, diakens wyke C5 **Fanie Coetsee en** D1 **Theunie Chamberlain.**
**Teeskink na die erediens:** Susters van wyke **B1** en **B2**. Wyksusters is **Sonja Venter** en **Lenie Bouwsema.**
**Diens Huis Eikelaan om 15:30:** Ouderlinge van wyke **A5** en **A6**.
**Johan du Plessis** en **Paul-Jaco Schutte.**
**Bussiediens:** Vandag ry **Terence Kent 072 617 7553**
Sondag **3 Februarie** ry **Zurich Terblanche** 083 968 6074

*Goeiemôre broers en susters, kinders en besoekers*

## EREDIENSTE Beide dienste word gelei deur ds Ronald Bain

OGGEND **Skrifgedeelte:** Openbaring 1: 1 - 20
**Fokusgedeelte:** Openbaring 1: 12 - 16
**TEMA: Die lewende Christus onderhou sy kerk in die lewende gemeenskap met Hom.**
**SING:** Vooraf: Skrifberyming 22: 1 - 3 (Tema 11 - 1); Psalm 142: 1 - 3
Psalm 96: 1 - 4
Psalm 73: 9, 10
Skrifberming. 33: 1, 3 (Tema 2 - 4)
Psalm 25: 1, 4, 5, 7.

---

**AAND: Skrifgedeelte:** Kolossense 3:1-10
**Fokusgedeelte:** Kolossense 3:10
**Dordtse Leerreëls 3 & 4: 15**
**TEMA: Vernuwe na die beeld van God om 'n wil te hê wat waarlik vry is.**
**SING:** Psalm 46: 1 – 3; Psalm 119: 25, 26; Psalm 128:1 – 4.

## Dagboek

28 Jan: **Beplannings-kommissie 17:30**
29 Jan: **Beplanning en toerusting, wyksusters, ouderlinge en diakens om 18:00 tot 21:00 in ons kerk**
3 Feb: **Kerkraads-vergadering**
4 Feb: **Diakonie vergader**

## LIEF EN LEED

**Jannie Snyman** Huis Eikelaan 608 ondergaan DV Maandag 'n tweede oogoperasie. Die afgelope Maandag se operasie aan die ander oog, was 'n groot sukses. Ons bid die seën van die Here af op die tweede operasie.

**Mari Stols** (082 397 3062) is terug by Huis Eikelaan en in die versorgingseenheid opgeneem.

**Lewies Coetzee** (071 887 1815) is die afgelope week geopereer en sterk aan in Pretoria in die hospitaal. Ons bid hom sterkte toe.

**Marie Coetsee** (083 566 7627) sal DV in hierdie week weer chemoterapie ontvang. Sy is maar swak na die aftakeling van die chemo-behandeling. Sy is tans by haar kinders in Pretoria. Mag die Here haar dra.

## VAN ALLES EN NOG WAT

**KOLLEKTES: Vandag en volgende Sondag:** Onder die erediens vir **Barmhartigheid**. By deure vanoggend vir **Dankbaarheidsfonds**
Volgende Sondag se kollekte die oggend vir **ons Jeugsorg.**

---

**KATEGESE**

Vanoggend moet julle **Les 2** en **Psalm 73: 1** ken.
**Maandag** lees *Laat my lammers wei*. Hoofstuk 68.
Woensdag se katkisasie Graad 8 – 11 om 14:15.
Volgende Sondag moet julle **Les 3** en **Psalm 33: 6** leer.

---

**BYBELSTUDIES**
Ons weeklikse Bybelstudies is soos volg:
Huis Eikelaan om 15:00 op Dinsdae
Oggendbybelstudie Donderdae om 9:30 in konsistorie.
Donderdagaande om 18:30 in konsistorie.

---

**Kerkraad, diakens en wyksustertoerusting eerskomende Dinsdag**
Ons herinner aan ons jaarlikse toerustingsgeleentheid vir ons wyksusters, ouderlinge en diakens. Dis eerskomende Dinsdag om 18:00-21:00 in ons kerkgebou.



## VERJAARDAE GEDURENDE DIE WEEK

Ons wens doop- en belydende lidmate wat gedurende hierdie week verjaar, baie geluk met jou verjaardag:

27 Jan **Hendra Bouwsema,** Peplerstraat 13, ☏ 083 655 7806. Wyk E1
31 Jan **Lenie Bouwsema,** W Sisulustr 342B, ☏ 083 511 8643. Wyk B2
1 Feb **Driekie de Wet,** Meulstraat 20, ☏ 082 377 2461. Wyk A7

---

## VAN ONS DIAKONIE

Die kollekte vir **Barmhartigheid** Sondag 20 Januarie 2019 was R 4 220. Die kollekte ten bate van die GKSA Sustentasiefonds was R 2 320.

**DIAKONIE SE KOSKAS**
Baie dankie aan elkeen vir julle sakkies met nie-bederfbare produkte wat elke Sondag in die krat in die saal verskyn.
Die ontbytpap se plekkie is leeg. Daar is nog een pak rys en die pasta is reeds weg. 'n Blikkie of twee met tamatie en uie, pit-of soetmielies sal waardeer word. Skoonmaakmiddels is altyd nodig.

---

**ATTESTATE**

- Attes ontvang vanaf Gereformeerde Kerk Cachet van **Piet en Karen Aartsma,** Reigerstraat 14, sel 083 532 9308 en 083 682 6031. Hulle is in wyk A2 met ouderling Frikkie Venter, en die wyksuster is Jana van Ryssen.
- Attes ontvang vanaf Gereformeerde Kerk Potch-Oos van **Sybrand van der Merwe,** Peplerstraat 13, sel 082 448 6977. Hy is in Wyk E1. Die ouderling is Pieter Hugo, diaken Pieter Bouwsema.
- Attes ontvang vanaf Gereformeerde Kerk Mooirivier, **Anne van der Walt,** Elandstraat 14, sel 082 925 5208. Sy is in wyk E2. Die ouderling is Jonker Venter, diaken Matthys van Tonder en wyksuster Erika Venter.
- Attes ontvang vanaf Gereformeerde Kerk Mooirivier van **Le-Roy Lourens** Elandstraat 14, sel 072 566 5850. Hy is in wyk E2. Die ouderling Jonker Venter, diaken Matthys van Tonder en Wyksuster Erika Venter. Baie welkom in ons gemeente

**FOTOBORD** Nuwe lidmate word gevra om na die diens na die saal te kom vir die neem van 'n foto vir die fotobord. **Melissa Kent** sal die foto's neem